36-04

36-04

4731

Privaatsak 9322,
PIETERSBURG.

11 Januarie 1971.

Die Magistraat,
Naphuno,
Privaatsak,
TZANEEN.

DIE BATLHABINE VAN MOGOBOYA.

Ek skryf na aanleiding van u 6/3 van 17 Desember 1970.

Abram Thabe Mogoboya en Johannes Thabe Mogoboya (nr. B.3 op my lys) is vermoedelik dieselfde persoon want dit is onwaarskynlik dat die kaptein twee volbroers sal hê wat albei die naam Thabe het. So nie, is Johannes Thabe iemand anders wat ook lid is van die stamowerheid in welke geval dit nie die getalsbepaling sal affekteer nie. Sal u net asseblief vir uself duidelikheid kry op hierdie punt?

Myns insiens sal dit slim strategie van die kaptein wees om juis vir Solomon lid van die stamowerheid te maak. Indien hy lid is, 'n taak het om te verrig en medeverantwoordelik is vir die besluite wat in die stamowerheid geneem word, sal hy minder geleentheid hê om kattekwaad aan te vang. Indien hy egter weggelaat word, sal hy rede hê om gegrief te voel en om te vermoed dat daar agter sy rug gekonkel word.

Verder gaan ek akkoord met die samestelling van die stamowerheid.

ETNOLOOG.

south african history archive SAHA